Graad 5: Afrikaans Eerste Addisionele Taal


# Kwartaal 1 Assessering

Naam: ______________________________

Tyd: 40 minute

Datum: ______________________________

**Totaal: / 35**



**Instruksies:**

- Lees al die vrae deeglik deur.
- Beantwoord al die vrae op die vraestel.
- Geniet dit!

## Afdeling A: Leesbegrip

Lees die storie van Ben en sy pa, en beantwoord die vrae wat volg.

Ben en sy pa het die naweek gaan kamp. Ben wou skatte by die rivier gaan soek. Sy ouer broer het altyd vir hom gesê, "Een mens se gemors, is 'n ander se skat." Hy kon nie wag om te sien hoeveel goud en silwer daar by die rivier is nie.

Soos hulle aangery kom, het hy by die venster uitgekyk. Hy het 'n paar groot swartsakke, grillerige ou stoele, 'n gebreekte tent en 'n paar stink visgrate gesien.

"Waar is al die skatte?" het Ben sy pa gevra. "Skatte? Ons is hier om vis te vang," het sy pa gesê.

Ben laat sak sy kop. Hy kyk langs die rivier af en sien iets wat blink. Hy hardloop nader om te kyk wat dit kan wees. Hy het 'n skat ontdek! Dit was kunsaas en nog feitlik nuut.

"Kyk wat het ek gekry," het hy geskree terwyl hy terughardloop, "'n Skat!"


LIVEWORKSHEETS

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **naweek / weekend** | **skatte / treasures** | **gemors / rubbish** | **uitgekyk / looked out of** | **visgrate / fish skeletons** | **kunsaas / lures** |

1. Ben en sy pa het gaan ______________________. (1)
   a. fietsry
   b. kamp
   c. stap
   d. kook
2. Ben en sy pa gaan in die rivier ____________________. (1)
   a. visvang
   b. visstok
   c. swem
   d. speel
3. Ben het 'n jonger broer? **waar / onwaar** (1)
4. Ben het nuwe stoele gesien? **waar / onwaar** (1)
5. Waar het Ben en sy pa gekamp? (1)

   ______________________________________________

6. Noem 4 goed wat Ben uit die venster uit kon sien. (4)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

7. Wat dink Ben hulle gaan doen? (1)

   ______________________________________________

8. Hoe voel Ben toe hy sy kop gesak het? (1)

   ______________________________________________

9. Watter skat het Ben gevind? (1)

   ______________________________________________


LIVEWORKSHEETS

10. Dink jy dat dit 'n skat is? (2)

______________________________________________

______________________________________________

11. Wat wou Ben vind? (2)

______________________________________________

______________________________________________

12. Hoe het Ben sy skat gevind? (2)

______________________________________________

______________________________________________

13. Watter skat so jy wou vind en hoekom? (2)

______________________________________________

______________________________________________

**Totaal: 20**

## Afdeling B: Taal

Lees aandagtig en voltooi die volgende vrae.

1. **Antoniem** (teenoorgestelde): Skryf die antoniem (teenoorgestelde) van die volgende woorde (2)

   a. ouer ______________________ b. groot ______________________

2. **Alfabetiese volgorde:** Skryf die volgende woorde in alfabetiese volgorde. (2)

| | |
|---|---|
| vis | |
| stoele | |
| visgrate | |
| swartsakke | |



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

3. Die volgende vrae gaan oor die onderstaande sin:
   **Hy kyk langs die rivier af en sien iets wat blink.** (4)

   a. Identifiseer 'n selfstandige naamwoord: ______________________

   b. Identifiseer 'n voegwoord: ______________________

   c. Identifiseer 'n werkwoord: ______________________

   d. Identifiseer 'n voornaamwoord: ______________________

4. **Direkte en Indirekte Rede** (2)

   a. Skryf in die indirekte rede:
   "Een mens se gemors, is 'n ander se skat." sê Ben se ouer broer.

   Ben se ouer broer sê dat ______________________.

   b. Skryf in direkte rede:
   Pa sê dat ons hier is om vis te vang.

   Pa sê ______________________.

5. **Meervoude en Verkleining**
   Voltooi die tabel:

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| stoel | | |
| | tente | |
| | | visgraatjie |
| swartsak | | |
| | koppe | |

**Totaal: 15**





LIVEWORKSHEETS